

# KOERSVAS

Jaargang 2    Uitgawe 34    28 Februarie 2014



In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Nuusbrokkies

Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

### Ironies

Die vae gesiglose hofstryd van veraf en iewers-eendag het nou 'n gesig van dringendheid gekry. Die adjunk regter-president se besluit om 'n regter aan te wys om die sake te bestuur en sy besluit dat die saak nou vinnig hanteer moet word, is welkome nuus.

Die amptelike GHG standpunt was nog altyd dat ons wil skik. Vrede en 'n ooreenkoms met die NHKA kan baie geld en bitterheid spaar. Hierdie hand van vrede **word steeds deur die NHKA ignoreer**. As dit dan hof toe moet wees, word ons wat onwrikbaar glo, geen ander keuse gelaat nie. GHG gemeentes en lidmate gaan in hierdie moeilike ekonomiese omstandighede hard saamwerk om seker te maak dat die hofkoste gedek word.

Te midde van al die woelinge, is dit die ironiese van die situasie wat 'n mens opval: Die ironie van 'n "hand van vriendskap" en die ironie van die finansies.

Die sH lidmate was elkeen bereid om binne die NHKA te veg en om langs Kerkordelike kanale hard te werk om die Reformatoriese teologie weer terug te bring en te vestig in die NHKA. Dit is ironies dat die dosente in die besonder

vanuit 'n bevrydings-teologiese perspektief bly aandring daarop dat hulle reformatories is in hulle teologie. Naam alleen beteken niks.

Dit is ironie wat maak dat die NHKA nou die enigste kerk is wat 'n **status confessionis** en 'n **Staat van Belydenis teen hulle het**,

- een vanuit die bevrydingsteologie opgestel (WARC se *status confessionis* van 1982) en
- een vanuit 'n reformatories-teologiese perspektief (sH se **Staat van Belydenis Meyerspark** 2012).

Die 69 Kommissie het in omsendskrywe 13 van 2012 gestel dat die skeiding van die weë aangebreek het.

Hulle het gestel dat lidmate wat nie by 54/69 wil inval nie met dié optrede **hulself buite die NHKA plaas**. Die hand van "vriendelike groete" is uitgereik.

Ironies, toe die eerste gemeentes hierdie aanbod opneem, het die "vriendelike" trant verander. Die gemeentes is van alles, diefstal ingesluit, aangekla, summier sonder verhoor skuldig bevind en na die woestyn van melaatses verban. Die **verdingliking** (*om 'n mens 'n objek te maak wat dan na willekeur verniel kan word*) van sH lidmate en GHG gemeentes het aan die NHKA die motivering gegee

om met onbeheersde woede aanvalle te loods wat lasterlike uitlatings en hofsake insluit. **Ironies–hartseer gebeur dit teen die agtergrond van ‘n wekroep in die NHKA om in Jesus se voetspore te volg.**

Die feit dat die NHKA die inisiatief geneem het om individue en groepe aan te moedig om hofsake teen GHG gemeentes te begin met die belofte dat hulle (NHKA) sal betaal, is opsigself ironies. Die KommAKV wat by meer as een geleentheid gestel het dat ‘n gelowige nie na die hof gaan nie, **dryf vyf hofsake.** Soet en brak water uit dieselfde fontein?

Die **finansiering van hul regskeers** is tragies ironies. Lidmate word gepaai met die versekering dat die duur advokate nie vanuit heffingsgelde betaal word nie. Daar word volgens die NHKA gebruik gemaak van ‘n **“historiese kapitaalfonds”**.

Die ontstaan, reëls van aanwending en befondsing van hierdie fonds is nie ten volle bekend nie.

- Ons weet wel dat die 68e AKV ‘n bedrag van R11 per lidmaat per jaar van **heffingsgeld** bewillig het vir die groei van dié fonds.
- Die 69e AKV het kennis geneem dat net R9 per lidmaat in die fonds gestort is.
- Dit is met ander woorde die halwe waarheid - **wat die volle leuen is** - om te stel heffingsgeld word nie gebruik nie.
- Rente en kapitaal is op die spel.
- Kapitaal wat opgemaak word uit **heffingsgeld**.

**Kapitaalfonds:** Op 28 Februarie 2013 het die Fonds R4 415 225.00 beloof. Ander sake wat die Kerk in geheel raak en wat ander vergaderings van die ampte nie kan afhandel nie. Fonds word deur ‘n PSG portefeulje gerugsteun. Die Raad van Finansies, bekragtig deur die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, het in die afgelope

jaar R171 317.00 van die Fonds vir **onvoorsiene regskoste aangewend**. Die Raad betreur die terugslag wat hierdie fonds daardeur moes beleef." **70ste Algemene Kerkvergadering, Agenda, Deel 4 p386/387**

Tog blyk uit **68ste AKV** dat R11 per lidmaat begroot is vir Algemene Kapitaalfonds **68ste Algemene Kerkvergadering, Notule: Kerklike Goedere p215 "Algemene Kapitaalfonds Die doel van die fonds is om ‘n kapitaalbasis te ontwikkel met die oog op toekomstige bekostiging van begrote uitgawes.** Vir die boekjaar 2009/2010 is van die formule afgewyk (**R9 versus R11 p.j.**) om die groot kostestyging in hierdie begrotingsjaar te kan finansier." **69ste AKV, Notule: Kerklike Goedere p 485/6**

Die NHKA se Raad van Finansies het “dit betreur” dat R171 317.00 vanuit hierdie fonds aan regskostes betaal is. Probeer hulle daarmee net hul eie agterhoede dek? Gaan ‘n forensiese oudit iets sinistêr uitwys? Vir regskoste kan begroot word, **onvoorsiene** beteken daar is nie daarvoor begroot nie. Aanwending ten opsigte van **begrote uitgawes** is nie dieselfde as **onvoorsiene kostes** nie. **Inteendeel, geld is uit ‘n rekening gebruik vir ‘n doel wat nie in die totstandkoming van die fonds genoem of goedgekeur is nie.**

Dit bring ons by die grootste ironie. Heffingsgelde wat gemeentes oorbetal het, is volgens begroting verdeel. **Voor die 69e AKV was GHG gemeentes getroue betalers van heffings.** Met ander woorde gelde wat deur Selfstandige gemeentes inbetaal is, word nou met rente teen hulle gebruik. Ongeag die interne wettigheid daarvan om ‘n kapitale fonds op dié manier aan te wend, is dit die bittere ironie van die hofsake.

Gesien die hoë koste van hofgedinge, bestaan die moontlikheid dat ‘n kapitale fonds wat met baie opofferinge oor jare opgebou is, in ‘n oomblik met die regter se uitspraak uitgewis kan word.

**Nou, dit is ironies.**

## NUUSBROKKIES

- Die Kuratorium het tydens sy vergadering van 20 Februarie besluit om 3 verdere predikante te akkrediteer. Dit bring die getal Bondgeakkrediteerde predikante op 35 te staan. Die 4 nuutste akkreditasies is: di Thys Fourie, Louis Alberts, Johan van Greunen en Rita de Kock.
- Gesprekke en onderhandelings met die APA vorder goed en lidmate sal op hoogte gehou word van die proses.
- Beroepe nuus: Ds Johan van Greunen is na Vaalwater beroep. Hy het die beroep aanvaar en word 2 Maart 2014 in die gemeente georden
- Lidmate en gemeentes wat inbetalings maak in die Bond se bankrekening, moet alle besonderhede van die transaksie, insluitende datum en waarvoor die geld geormerk is, aanstuur na ons kassier, ouderling Tom Greeff. U word versoek om alle vorige transaksies se besonderhede ook aan te stuur na [tomcases@lantic.net](mailto:tomcases@lantic.net).

## BANKBESONDERHEDE:

**Naam: G H G** (Geloofsbond van Hervormde gemeentes)

**Eerste Nasionale Bank van Suid-Afrika (FNB)**

**Rekeningnommer: 6243 092 3088**

**Takkode: 250 655**

## • **Wie is besig om die hofsaak uit te rek?**

Die GHG word deur die NHKA daarvan beskuldig dat die regsplan die hofproses onnodig uitrek. Hierdie aantyging is van alle waarheid ontbloot. Die feite praat anders: Die een agter die deur skyn 'n ander party te wees..... Op 17 Februarie 2014 was beide partye se regsplanne by sy edele, regter D Fourie. Die partye is opdrag gegee om sekere knelpunte aan te spreek en voorstelle te maak rondom die kern van

die hofsake. Die GHG se regsplan se voorstelle was teen die einde van dieselfde dag deurgestuurd na die teenparty se regsplan, opgevolg met sekere voorstelle op 24 Februarie.

**Toe die twee partye vandag (27 Februarie 2014) in die regter se kantoor verskyn, het die NHKA se regsplan NÓG reageer op die GHG voorstelle NÓG gekom met eie voorstelle.**

**Wie rek die saak en gevolglike kostes uit? Waarom?**

## KENNISGEWINGS

### • **Bybelvasvrae:**

Bybelkennis is onvervangbaar. Die Woord van God moedig ons deurlopend aan om die Woord te bestudeer en dit te oordink. Psalm 1: 1 & 2 sê: "Dit gaan goed met die mens ...wat in die Woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink." In dieselfde asem bevestig die Heidelbergse Kategismus in Vraag en Antwoord 21 die waarde van ons kennis van die Woord van God as ons hoor dat ware geloof ook 'n vasstaande kennis van die Woord is. Met dit in gedagte word u aangemoedig om in u gemeente en selfs in ringsverband aandag te skenk aan die Bybelvasvrae. Ontvang hiermee die nodige inligting met betrekking tot die Bybelvasvrae vir 2014. Bestek: Die briewe van Johannes. (1; 2 & 3 Johannes) Heidelbergse Kategismus– Sondag 1 tot 8. Pretoria se gemeentes hou hulle vasvrae 10 Augustus 2014.

- **Jeugbediening:** Studente en werkende jongmense van Onafhanklike gemeentes wat die huis verlaat het en elders woonagtig is: Ons wil graag ons kinders, jongmense en werkende jeug wat buite ons gemeentegrense moet gaan werk en studeer ook steeds getrou bedien. Stuur asseblief vir ons die name, telefoonnommers, e-

posadres en inligting van waar u kinders woon en kerk bywoon na: [zyvetto@gmail.com](mailto:zyvetto@gmail.com).

- **Lewensbrood:** Daar het 'n dubbelbestelling plaasgevind. 17 Eksemplare is nog beskikbaar. Sms Yvette met besonderhede @ 072 223 7522

- **Drukwerk:**

Na aanleiding van 'n versoek deur verskeie nuwe gemeentes verskaf ons die volgende inligting met betrekking tot drukwerk. Geen gemeente staan onder die verpligting om hierdie drukker te gebruik nie, maar ons kan u verseker dat u dit nie maklik beter en goedkoper gedoen gaan kry nie. Paul en Ella help graag met:

Gemeentekalenders	R 7.55
Verlofregister	R22.50
Kwitansieboeke	R15.35
Offergaweboeke	R6.20
Dames se kwitansieboek	R13.15
Konsistorieboek	R20.30

[ella@teamworkprinters.com](mailto:ella@teamworkprinters.com)

- **Gholfdag:**

Aangebied deur die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes Krugersdorp.  
 Waar: Krugersdorp Gholffklub ( Nightingale Crescent, Rant en Dal, Krugersdorp)  
 Wanneer: 20 Maart 2014 (Eerste afslaan 10:30 en prysuitdeling 18:30)  
 Inskrywingsfooi: R 1500 per Vierbal ( Sluit 2 etes per speler is) Borge: Indien u 'n putjie wil borg, kan u 'n putjie borg teen R 1500 en u baniere aanbring by die putjie, of R 2000 en u produkte ook uitstal.  
 Kontak: Ds Dirk van Rooyen 082 495 3121 of [davr@vodamail.co.za](mailto:davr@vodamail.co.za) Kompetisie: American Scramble ( Reëls word op die dag deurgegee ) Bankbesonderhede: Rek naam: Gemeenskap van Gelowiges Krugersdorp  
 Bank: Nedbank - Key West  
 Rekeningnommer: 1066127840  
 Takkode: 198841  
 Verwysing: Naam en van ( stuur bewys van betaling aan [davr@vodamail.co.za](mailto:davr@vodamail.co.za))

Stuur asb. u gemeente se kennisgewings en nuusbrokkies na [j.otto@telkomsa.net](mailto:j.otto@telkomsa.net) of na [admin@steadshervormers.co.za](mailto:admin@steadshervormers.co.za) of na [admin@geloofsbond.co.za](mailto:admin@geloofsbond.co.za) vir opname in die volgende Koersvas.

*Somtyds maak die Here die storm stil.*

*Somtyds laat die Here die storm woed en maak Sy kind stil*

- **Noordelike Pietersburg bied aan:**

### **DIEPRIVIER GESINSNAWEEK**

#### **7 – 9 Maart 2014**

4x4 en Quads, ECHO 4x4 roete, Gymkana, Hindernisbaan

#### **Pakketpryse**

R1500 per voertuig met 4 persone

R1200 per voertuig met 2 persone

R250 per addisionele persoon

R600 Quad met een persoon

R800 Quad met twee persone

Koste sluit in: Deelname aan alle baanitems, Kampfooi vir karavaan of tent, alle etes en die konsert.

Demonstrasies, uitstallings en vlooiemark stalletjies.

Dagbesoekers welkom R30 pp

Jaco 082 727 8188

Lourens 082 300 8454

Flip 083 446 7774

[bbdieprivier4x4@gmail.com](mailto:bbdieprivier4x4@gmail.com)

Facebook: Dieprivier 4x4

<https://www.facebook.com/#!/groups/282336201856457/>